# DIE NAGMAAL WIL ONS LAAT LAG

Genesis 18:13

GOD SOEK MENSE OP
Abraham sit by die deur van sy tent (sien u hom daar sit?) Buite is dit bloedig warm. Skielik merk hy drie mans op wat daar naby staan. Hy draf na hulle toe – seker maar so ‘n skuifeldraffie, soos biskop Tutu, want hy is ook al bejaard. Hy buig eerbiedig voor hulle en nooi hulle om nader te kom. Hy benader hulle met groot respek en gasvryheid. (Mense met xenofobie kan by hom leer hoe om vreemdelinge te behandel!) Hy bied hulle skuiling aan teen die warm son, water vir hul hande en voete en ‘n stukkie brood vir versterking.
Die besoekers aanvaar dit. *“Hulle het vir hom gesê: ‘Goed! Maak so!”* (:5) Die “stukkie brood” word toe ‘n yslike maaltyd van roosterkoeke, botter, melk en ‘n geslagte kalf! Hy span sy vrou en sy slawe ook in met die voorbereiding van die maaltyd en dan neem hy dit self na die gaste en bedien hulle daar onder die koelteboom. (Sy gasvryheid word later in Hebreërs as ‘n **voorbeeld vir ons almal** voorgehou (13:2).
Ook hier by die **eredienste** moet ons ‘n punt daarvan maak om mekaar en veral vreemdelinge gasvry te ontvang en te laat welkom voel. Ryk en arm, wit en gekleurd, oud en jonk moet voel ons is lief vir hulle! Groet mekaar, glimlag vir mekaar, vra uit na mekaar. Menige besoeker het al opgemerk watter vriendelike mense ons is en hoedat ons hulle laat tuis voel het. Abraham is vir ons almal ‘n voorbeeld van gasvryheid!)

Toe neem die verhaal ‘n onverwagse **wending**. Abraham kom agter die reisigers weet meer van hom en sy gesin as wat hy gedink het! Hulle ken glad sy vrou se naam. Die **doel van hulle besoek** word nou eers duidelik. Dit is nie maar toevallig dat hulle daar verby gekom het nie. Hulle was al die tyd oppad na hom en Sara toe. Hulle het met voorbedagte rade daarheen gekom.
Eintlik was hulle op **Sara se spoor**. *“Toe vra hulle hom: ‘Waar is jou vrou Sara?”* Dit was destyds ‘n ongehoorde vraag om te vra. (Iemand wat op die oomblik in Jordanië werksaam is, vertel laas Sondag nog dat dit in daardie kultuur nie goeie maniere is om vir ‘n man te vra hoe dit met sy vrou, sy dogter of sy suster gaan nie, veral nie as jy ‘n man is nie. Dit is *privaatsake*.) Hierdie drie mans het egter **groot nuus** vir Sara gehad. Hulle wil iets vir Abraham meedeel wat ook vir Sara belangrik is.

GOD NEEM SY BELOFTES ERNSTIG OP
**Waar IS Sara?** Sara is waar vroue van daardie tyd normaalweg was – op haar plek in die tent. Sy staan hulle en afluister (nuuskierig soos vrouens

maar is!) Maar dan kom die **kern van die besoek** aan die lig. Die spreker maak ‘n **dubbele belofte**: Hy sal oor ‘n jaar weer by Abraham kom besoek aflê, en Sara sal teen daardie tyd reeds ‘n seun hê.
Toe Sara dit hoor, kan sy **haar lag nie hou nie**. Sy bars so hard uit van die lag dat hulle haar buite die tent kon hoor.

Nie dat dit die **eerste keer** was dat hulle gehoor het hulle gaan ‘n kind hê nie. Ons lees in die vorige hoofstuk van ‘n ander keer toe God hierdie belofte aan Abraham gemaak het. By daardie geleentheid **het hy wat Abraham is hom weer slap gelag:** *“Toe het Abr op sy knieë geval en hy het gelag en gedink: kan daar vir ‘n man van honderd ‘n kind gebore word, of kan Sara wat negentig is, ‘n kind in die wêreld bring?”* (17:17)
Hier word **Sara se reaksie** weer soos volg verduidelik: *“Abraham en Sara was albei al baie oud, en Sara was verby die ouderdom van kinders in die wêreld bring, en daarom het sy by haarself gelag en gedink: sal ek nog genot kan hê noudat ek afgeleef is? En dit met my man wat oud is?”* Vir haar klink dit na ‘n groot grap…
**‘n Mens kan nie anders as om simpatie met Sara te hê nie.** Die Here het wel al ‘n paar keer vantevore aan haar ‘n kind en selfs ‘n groot nageslag belowe. Hierdie keer word daar vir die eerste maal **‘n tyd** aan die vervulling gekoppel: dit sal *nog hierdie jaar* gebeur. Maar juis die feit dat die belofte nou al sowat 25 jr staan en nog steeds nie vervul is nie, het dit seker vir haar nog moeiliker gemaak om te glo.
Hoe langer God neem om sy beloftes waar te maak, hoe ‘n groter toets is dit mos vir ‘n mens se geloof.

Maar die Here vra vir Abraham: *“Waarom lag Sara? Waarom dink sy: sal ek werklik ‘n kind in die wêreld bring noudat ek oud is? Is iets te buitengewoon vir die Here?”* (:13)

<u>Wat sê jy</u>: **Is iets te buitengewoon vir die Here?** Sal Hy sy beloftes kan nakom, al lyk dit ook hoe onmoontlik? Ons mense is soms geneig om God se beloftes met ‘n knippie sout te neem. Ons kyk na ons en die wêreld se omstandighede en besluit dan self wat moontlik is en wat nie, watter beloftes van Hom ons ernstig kan neem en watter maar net ‘n grappie is. En dan bely ons nogtans elke Sondag dat ons glo *“in God, die Vader, die Almagtige…”*!
Abraham en Sara tree in hierdie verhaal na vore nie as **modelle** van geloof nie, maar van ongeloof. Maar selfs hulle ongeloof kon God nie van sy voorneme laat afsien om vir Hom ‘n volk te vergader nie. Die **naam Isak** beteken *“gelag”* en sou ‘n **lewenslange herinnering** wees aan haar aanvanklike onwilligheid om God se belofte te glo. Maar die naam dien ook *“as an enduring witness to the <u>wonderful promises of God</u> to His*

*people, of the <u>regrettable reluctance of humans</u> to believe them, and of the <u>grace of God</u> which fulfil them nonetheless."* (HC Kee)

Al lag mense ook soms God se beloftes af, neem God hulle gelukkig ernstig op. *Hierdie is die verhaal van die **opsoekende God** wat in sy verbondstrou sy eie beloftes aan die mens **ernstig opneem**, dit in **herinnering roep** en in **vervulling** laat gaan.*

GELOOF IS NIE ALDAG SO MAKLIK NIE
Gemeente, ons kom uit hierdie verhaal agter dat geloof nie maar 'n *gladde, maklike pad* is nie. Geloof is soms lagwekkend vir die wat nie glo nie. In **Athene** het sommige van die Grieke vir Paulus uitgelag toe hy van God se belofte van die opstanding gepraat het (Hand 17:32). 'n Mens het **begrip** daarvoor. Om te hoor dat mense wat tot stof en as vergaan het, baie eeue later weer uit die dood kan opstaan, klink na 'n groot grap – tensy jy glo dat God almagtig is en dat Hy sy beloftes ernstig opneem! Daar is nog baie sulke voorbeelde – soos dat God 'n mens geword het om vir ons sondes te kom sterf. Paulus skryf: *Vir die wêreld klink dit na onsin!* (1 Kor 1:21)
Ons almal weet daar is 'n **verskil** tussen om te lag VIR en te lag MET. As jy VIR iemand lag, lag jy hom UIT; as jy MET iemand lag, is julle SAAM bly.
Abraham en Sara het eers VIR God gelag en toe na Isak se geboorte MET Hom gelag.
Watter soort lag lag jy en ek vandag? Is dit **'n lag uit ongeloof, of geloof?** 'n Lag VIR of 'n lag MET?
<u>Is iets te buitengewoon vir die Here</u>?

LAG MAAR!
God kom weer vanmore hier by ons langs met die belofte van vergiffenis van sonde, die opstanding uit die dood en die ewige lewe. Die tekens van wyn en brood wil dit vir ons bevestig. Daarom word die sakramente van die doop en die nagmaal tekens en <u>seëls</u> genoem. Dit wil bevestig: die almagtige God se beloftes is eg, dis waar, dis betroubaar – **dis om van te lag** – nie uit ongeloof nie, maar van blydskap dat dit waar is!
Die nagmaal wil ons die **lag van geloof** laat lag, die lag MET.
Ons kan God se beloftes maar **ernstig neem**, want Hy neem dit ernstig en: <u>Niks is te buitengewoon vir die Here nie</u>!

Amen
1 Augustus 2010